

CHRISTOFFEL
ESTERHUŸS

# Christoffel Esterhuijs

stamvader van die
Suid-Afrikaanse familie

deur

J. H. Esterhuyse

# INHOUDSOPGAWE


| | Bladsy |
|---|---|
| Voorwoord | |
| Dankbetuiging | |
| Inleiding | 1 |
| Christoffel se vaderland | 1 |
| Aankoms in die Kaap | 2 |
| Boer in vennootskap | 2 |
| Huwelik en gesin | 4 |
| Plase en dorpshuis | 5 |
| Christoffel as boer | 6 |
| Laaste jare van die egpaar | 8 |
| Egpaar se boedel | 9 |
| Christoffel as mens | 10 |
| Sy seuns | 11 |
| Familienaam en stamland | |
| Bevinding | 13 |
| Franse afkoms | 15 |
| Duitse afkoms | 16 |
| Op die regte spoor | 17 |
| Spelling van familienaam | 19 |
| Bylaes | |
| Verwysings | |
| Patriargale linie | |

# VOORWOORD

Vanselfsprekend stel 'n persoon belang in sy afkoms. Wie is jou stamvader, waar kom hy vandaan en hoe 'n soort mens was hy, is vrae waarop jy graag antwoorde wil hê.

Hierdie belangstelling in die geskiedenis van families het die afgelope dekade of twee geweldig toegeneem, veral onder Afrikaner-families. Dit is 'n mooi verskynsel want dit openbaar 'n vorm van familietrots wat ontwikkel het. Dit dra weer by tot 'n familie-samehorigheid wat so maklik verlore raak in die hoë mate van moderne onbetrokkenheid deur o.a. die verstedeliking wat plaasgevind het.

Die kennis van jou afkoms maak van jou 'n voller mens. Hierdie kennis t.o.v. die bande met die Wes-Europese stamland bevestig die skakeling op historiese, kulturele en godsdienstige gebiede met die Westerse beskawing.

Hierdie kennis maak jou ook trots, nie in 'n ydele sin nie, maar waarderend vir wat jou voorgeslagte verrig en bereik het in die vaderland.

Navorsing om die afkoms van 'n familie vas te stel is geen geringe taak nie. Dit is tydrowend en vereis vakkundige kennis en onderlegdheid. Dit verg ook oneindig geduld.

Die familie is bevoorreg om in die persoon van dr. J.H. Esterhuyse, tans woonagtig op Stellenbosch, 'n uiters bekwame en goed toegeruste vakman te hê wat hierdie taak onderneem het. Hy het as historikus die amp beklee van Direkteur van die Argiewe van die R.S.A. Die familie is hom veel dank verskuldig vir hierdie grootse taak wat hy onderneem het. Hy word geluk gewens met 'n puik bydrae. Dit gebeur nie dikwels dat boeke oor familie-afkoms verskyn nie. Elke sodanige publikasie is welkome leesstof vir hulle wat omgee vir hulle bande met die verlede. Die eindproduk van <u>Christoffel Esterhuys: stamvader van die Suid-Afrikaanse familie</u>, is 'n plesier om te lees.

Die familie <u>Esterhuys</u> (dit sluit in die verskillende spellings van die van nl. Esterhuyse, Esterhuizen, Esterhuysen, Esterhuize, ens.) is reeds vir meer as 300 jaar aan die Kaap. Die stamvader Christoffel Esterhuys se aankoms is onseker, maar in Julie 1691 was hy reeds aan die Kaap en het as 'n vryburger in Bottelary, distrik Stellenbosch, op die plaas Hartenberg geboer. Dit kan self wees dat hy so vroeg as 1686 na die Kaap gekom het. Die navorsing bevestig bo alle twyfel dat Christoffel Esterhuys, 'n Fries van geboorte was en in die provinsie van Groningen gebore is en opgegroei het.

Die stamvader was 'n teruggetrokke mens. 'n Skrander en hardwerkende persoon met besondere deursettingsvermoë. Die skrywer meld dat: <u>"Christoffel is in weerwil van sy tekortkominge 'n stamvader waarop sy nageslag trots kan wees</u>."

Dit is vir my as afstammeling van die ou stamvader, Christoffel Esterhuys, 'n voorreg en besondere eer om hierdie voorwoord te kan skrywe. Mag hierdie publikasie dien om familiebande stewiger te bind. Mag die afstammelinge steeds voortgaan om hierdie land en sy mense onbaatsugtig te dien in die gees van die stamvader.

**ANDRIES JACOBUS ESTERHUYSE**
**LID VAN DIE PRESIDENTSRAAD**

STELLENBOSCH
18 Mei 1992

## DANKBETUIGING

Ek wil graag my opregte dank betuig aan die volgende instansies en persone vir die hulp wat hul aan my verleen het met die navorsing oor Christoffel Esterhuÿs en sy familienaam. Sonder hulle bydraes sou hierdie werk nie geskryf kon word nie.

Die Hoof, Staatsargief, Kaapstad.
Die Argivaris, N.G. Kerkargief, Kaapstad.
Die Direkteur, openbare Biblioteek, Kaapstad.
Le Direkteur-General, Des Archives de France, Paris.
De Direkteur, Algemeen Ryksarchief, S-Gravenhage.
De Archivaris, Gemeente-archief, Leeuwarden.
De Archivaris, Ryksarchief, Groningen.
De Conservator, Central Bureau voor Genealogie 'S-Gravenhage.
De Direkteur, Instituut voor Dialectologie, Volks- en Naamkunde, Amsterdam.
Dr. C.H. Bruins, Groningen.
Dr. J. Ploeger, Pretoria.
Prof. R. Beayens, Brussel.
Mev. J.H. Cairns, Rondebosch, Kaapstad.
Mev. Sariana van der Vyfer vir die illustrasie op die buiteblad.

Laastens, maar die die minste nie, my opregte dank ook aan mnr. A.J. Esterhuyse wat so vriendelik was om die voorwoord te skrywe.

Parkstraat 9
STELLENBOSCH
Junie 1992

# Christoffel Esterhuÿs

## Stamvader van die Suid-Afrikaanse familie

## INLEIDING

Die stamvader van enige Suid-Afrikaanse familie neem 'n belangrike plek in die familiegeskiedenis van daardie familie in. Hy is die persoon wat die familienaam van die Wes-Europese stamland hierheen gebring het en dit hier kom vestig het. Hy is dus die skakel tussen die oorspronklike familie en die Suid-Afrikaanse tak. Deur hom kan die jong tak hul herkoms in die stamland navors en vasstel hoedat hul histories en kultureel in die westerse beskawing veranker is.

Met die kennis van hul herkoms en familiegeskiedenis is dit vir die Suid-Afrikaanse tak moontlik om landmerke te herken wat hul in staat stel om hulself in perspektief te sien, teen die agtergrond van familie-erfenisse uit die verlede. Kennis van die familiegeskiedenis help hul met die beplanning van die toekoms.

Dit is dus vanselfsprekend dat elke familie in hul stamvader geïnteresseerd is en elke stukkie inligting oor hom is vir hul van waarde. Vrae waarop veral antwoorde gesoek word, is: Waar en wanneer is hy gebore? Wat was sy opvoedkundige kwalifikasies? Waarom en wanneer het hy na die Kaap toe verhuis? ens.

Die antwoorde op hierdie vrae is, behalwe in enkele gevalle, in ons staatsargiewe of in oorsese argiewe te vind.

Een van die families wat nie so gelukkig is nie, is die familie Esterhuÿs. Ten spyte van intensiewe navorsing oor hul stamvader - Christoffel Esterhuÿs - is tot nog toe baie min inligting oor sy lewe voor sy aankoms in Suid-Afrika opgespoor. So is onder andere geen dokumentêre inligting gevind oor sy land van herkoms en die korrekte skryfwyse van sy familienaam nie. Hierdie twee probleme word volledig in die subtitel "Familienaam en Stamland" behandel.

Die lewenskets, wat hier van Christoffel volg, gaan oor die 33 jaar wat hy aan die Kaap deurgebring het.

## Christoffel se vaderland

Op grond van die afleiding gemaak in die ondersoek waarna in die vorige paragraaf verwys is, is bevind dat Christoffel van Nederland af gekom het. Alhoewel hy 'n burger van die staat van Nederland was, is hy 'n Fries van geboorte en in die provinsie van Groningen gebore en getoë.

## Aankoms in die Kaap

Wanneer presies Christoffel in die Kaap aangekom het, weet ons nie. In Julie 1691 was hy reeds hier en het toe as 'n vryburger in Bottelary, distrik Stellenbosch op onopgemete staatsgrond geboer.[1] Sy boerdery het uit ses osse en 250 skape bestaan.[2] Verder het hy daardie jaar ook 'n paar mud koring geoes.[3] Om so 'n boerderytjie destyds op te bou, het van twee tot drie jaar geneem.

Persone wat van voornemens was om hulle hier te kom vestig, het nie op eie koste hierheen gekom nie. Hulle het onder kontrak vir 'n termyn van vyf jaar in die kompanjiediens getree as klerke, soldate of matrose.[4] Ná verstryking van hulle dienstyd, het hulle hul as vryburgers hier gevestig.[5] Diegene van hulle wat boere wou word, het hulself as knegte, beter bekend as vryknegte, aan boere verhuur wat hulle toegelaat het om 'n skaapboerderytjie op te bou. Sodra hulle 'n troppie skape besit het, het hulle op hul eie begin boer.[6]

Ons kan met 'n mate van sekerheid aanvaar dat Christoffel op dieselfde wyse na die Kaap toe verhuis het en dat hy in Julie 1691 al 'n paar jaar in die Kaap was. In die opgaafrolle van 1716 het hy verklaar dat hy toe 30 jaar al in die Kaap woonagtig was.[7] Dit beteken dat Christoffel in die jaar 1686 hier aangekom het. Daar bestaan egter twyfel of die syfer korrek is en omdat dit nie met 'n outentieke bron vergelyk kon word nie, kan dit nie sonder meer aanvaar word nie.

Ons weet verseker dat Christoffel in Julie 1691 in die land was en dat hy toe alreeds 'n paar jaar hier was, moontlik vanaf 1686.

## Christoffel, boer in vennootskap

In Julie 1691, of kort daarna, het Christoffel 'n vennootskap met ene Coenraad Boom, ook 'n beginner, aangegaan en hulle het saam begin boer.[8] Dergelike verbintenisse is destyds dikwels tussen beginners aangegaan en het uit twee tipes bestaan. Die eerste tipe was die vennootskappe wat op 'n wettige geskrewe kontrak berus het en die tweede tipe was dié wat op 'n mondelinge ooreenkoms tussen die twee vennote berus het. Na die vennote van laasgenoemde is amptelik as maats of "compagnons" verwys.[9] Dit was dan ook die tipe van vennootskap wat Christoffel en Coenraad Boom aangegaan het.[10]

Die twee maats se vennootskap was 'n samevoeging van middele, kennis en vaardigheid. Christoffel se bydrae was die grond waarop hul geboer het, al was dit nog staatsgrond, 'n stuk ontbosde land, ses osse en 250 skape. Coenraad se bydrae was die ondervinding wat hy as vrykneg oor 'n aantal jare van die wynbou opgedoen het.[11]

Hoewel slegs twee van die nege jaar wat hul saamgeboer het se opgaafrolle behoue gebly het, blyk dit daaruit dat die vennootskap van die begin af suksesvol was. Die vennote het hul hoofsaaklik toegespits op die verbouing van wyn en koring, die belangrikste twee landbouprodukte van daardie tyd.[12]

Binne die eerste jaar het hul 2 000 wingerdstokke aangeplant. Van die drie mud koring en 'n halwe mud gars wat hul gesaai het, is 20 mud koring en vyf mud gars geoes.[13]

Drie jaar later in 1695 het die twee weer eens drie mud koring en een mud gars gesaai, maar toe het hul 30 mud koring en 20 mud gars geoes. Hoeveel wyn hul daardie jaar gepars het, word nie in die opgaaf aangegee nie. Die skaaptrop het weer verminder tot slegs 'n 100-tal, maar hul trekosse het tot sewentien vermeerder. Verder het hul ook twee perde en vier varke besit.[14]

'n Probleem waarmee hul te kampe gehad het, was die arbeidstekort wat daardie jare aan die Kaap bestaan het.[15] Hulle twee kon nie alleen al die plaaswerk behartig nie. Gevolglik was hul genoodsaak om 'n vrykneg teen 'n hoë loon in diens te neem.[16]

Om die koloniste te help, het Goewerneur Simon van der Stel in 1693 goedkeuring verleen dat soldate en matrose op 'n tydelike grondslag aan die boere verhuur mag word om spesifieke take te verrig. Die arbeidskragte het as leenknegte bekend gestaan.[17] Die twee maats het by twee geleenthede van leenknegte gebruik gemaak.

Op 5 Maart 1694 het Christoffel, met die goedkeuring van Goewerneur Simon van der Stel,[18] die soldaat Hans Hendrik van Zutphen as leenkneg gehuur. Kragtens die geskrewe kontrak wat die twee op daardie dag in die Kasteel gesluit het, het Christoffel bevestig dat hy "in sÿn dienst en lening overgenomen te hebben Hans Hendrik". Hans het weer onderneem "om hem (Christoffel Esterhuÿs) een rond jaar - trouw en eerlÿk te dienen als bouwknegt en sulx voor een loon van elv gulden en een pond tabaq ter maand". Benewens die loon moes Christoffel vir Hans ook "van huÿsvesting, kost en drank besorgen".[19]

As leenkneg was Hendrik met 'n bepaalde taak belas en dit was dié van "bouwknegt". 'n "Bouwknegt" word deur die "Groot Woordenboek der Nederlandse Taal" beskryf as 'n "knecht op een bouwhoewe (plaas) die inzonderheid met het ploegen en zaaien belast is".[20]

Hans Hendrik het ná die voltooiing van sy dienstyd weer na die Kompanjie se diens as soldaat teruggekeer.[21]

Die tweede leerkneg wat die vennootskap in diens geneem het, was Arend Heinig Hansen van Bremen, ook 'n soldaat wat Christoffel op 9 Maart 1696 gehuur het. Arend het onderneem "om hem (Christoffel) den tÿd van een gehele jare trouw en eerlÿk als schaepwaagter te diend".[22]

Dié vennootskap is in 1699 ontbind. Om watter redes, is nie bekend nie. Vanuit 'n ekonomiese gesigspunt gesien, was die vennootskap 'n sukses. Christoffel wat op die plaas agtergebly het, het 'n opgeboude plaas gehad. Coenraad Boom het ewe-eens 'n sterk boerdery besit en het op sy eie grond gaan boer.[23]

## Huwelik en Gesin

Christoffel is met Elizabeth Beÿers getroud. Hul huwelik verskyn nie in die huweliksregister van die Kaapse of Stellenbosse gemeentes nie.[24] Hulle was albei lede van die Stellenbosse gemeente en volgens gebruik, was Stellenbosch die aangewese plek vir hul huwelik.

Die huweliksregister van Stellenbosch vir die jare 1696 tot 1701 bevat die huwelike van slegs dertien egpare, dus 'n gemiddelde van twee huwelike per jaar.[25] Vergelyk ons die getal huwelike met die getal vryliede wat in daardie jare reeds aan die Kaap was, is dit benede die verwagte getal huwelike in so 'n groot gemeenskap. So was daar in 1695 reeds 1036 vryliede wat saamgestel was uit 406 mans, 186 vrouens en 444 kinders. Teen 1701 het hulle getalle gestyg tot 1368, nl. 480 mans, 259 vrouens en 629 kinders.[26] Ons kan van bostaande syfers met sekerheid aflei dat vanaf 1696 tot 1701 in Stellenbosch se gemeente meer huwelike bevestig is as die dertien wat in die gemeente se register voorkom en dat Christoffel en Elizabeth se huwelik een van die huwelike is wat nie aangeteken is nie.

'n Verdere vraag is: wanneer is Christoffel en Elizabeth getroud? In die monsterrolle van Stellenbosch se distrik vir 1698 word Christoffel nog as ongetroud aangegee,[27] maar in die rolle wat vroeg in 1700 opgestel is, word hy as getroud aangegee en wel met Elizabeth Beÿers. Hulle het toe nog nie 'n gesin gehad nie.[28] Hulle eerste kindjie is nie lank daarna nie, op 10 Mei 1700, gedoop.[29] Die gegewens dui daarop dat Christoffel en Elizabeth in 1699 getroud is. Die jaartal stem ooreen met die jaar wat dr. T.H. Colenbrander vir die egpaar se troue aangee.[30]

Elizabeth Beÿers was die oudste dogter van Andries Beÿers, wat as wamaker in die Kompanjie se diens na die Kaap toe gekom het.[31] In 1693 tree hy uit die Kompanjie se diens en vestig hom as boer op die plaas Weltevreden in die gebied wat as Bottelary bekend staan. Elizabeth is op 10 Oktober 1683 in die Kaapse kerk gedoop.[32]

Uit die huwelik is vier kinders, almal seuns, gebore. Die oudste seun, waarna hierbo verwys is, was Jan wat op 10 Mei 1700 in die Hugenote-kerkie wat ongeveer 460 treë wes van die huidige Ned. Geref. Kerkgebou op Simondium gestaan het,[33] gedoop is.[34] In die inskrywing in die doopregister is die dopeling se voornaam sowel as sy vader se familienaam verfrans.[35] Die Franse bewoording lui so: "Jean, fils de Christoffle Extreux le père et la mère long présenté au saint Baptemere, sous point de billet".[36] 'n Vrye Afrikaanse vertaling lees so: "Jan, seun van Christoffel Extreux (Esterhuÿs), die vader en die moeder Long (Beÿers), ten Heilige doop gebring, sonder dat die ouers die nodige dokumente voorgelê het". Die koster of die skriba wat verantwoordelik was vir die byhou van die doopregister het Elizabeth Beÿers se van met dié van iemand anders verwar.[37] Jan is baie jonk oorlede, vermoedelik voor 1704.[38]

Die egpaar se tweede seun, Wilhelm, is in 1703 op Stellenbosch gedoop. Die doopdatum ontbreek in die doopregister, maar sy naam verskyn tussen die name van twee ander dopelinge van wie die een

op 20 Mei 1703 en die ander een op 5 Augustus 1703 gedoop is. Arend Geldenhuÿs en sy vrou is as getuies aangewys.[39]

Hulle derde kind, Jan Andries, is op 23 November 1704 ook op Stellenbosch gedoop.[40] Die getuies was Martha Beÿers en Frans Badenhorst.[41]

Christoffel, die jongste seun, wat na sy vader vernoem is, is op 9 Maart 1710 op Stellenbosch gedoop. Die getuies was Martha Beÿers en haar man, Jan Harmse.[42]

Dr. C. Pama gee in die hersiende uitgawe van C.C. de Villiers se "Geslagsregister van die ou Kaapse Families" die naam van 'n vyfde seun aan. Hy sou Johannes geheet het.[43] Die gegewens kom uit dr. J. Hoge se boek, "Bydraes tot die Genealogie van die Kaapse Families". Hoge het die inligting op sy beurt weer in die egpaar se boedelstukke gevind. In hul boedelinventaris wat op 5 April 1726 opgestel is, word Jan Andries se naam foutiewelik as Johannes aangegee en sy ouderdom as 20 jaar, wat beteken het dat hy in 1706 gebore is.[44] In die verdelingsrekening, 'n paar bladsye verder aan, word sy naam korrek aangegee as Jan Andries.[45]

In die Subtitel "Christoffel se seuns" word verder besonderhede oor hul lewens verstrek.

## Christoffel se Plase en Dorpshuis

Christoffel het dertien jaar gewag voordat die Kompanjie 'n plaas aan hom toegeken het. Eers nadat die stuk grond waarop hy in 1691 reeds geboer het, opgemeet en geregistreer is as die plaas Hartenberg, is dit op 26 September 1704 aan hom toegeken.[46]

Hartenberg was 60 morg groot en die plaasgrense het, soos op die diagram op bylaag A aangetoon, 'n besondere vorm gehad. Die noordelike gedeelte het aan Weltevreden gegrens, die plaas waarop Christoffel se skoonvader Andries Beÿers, tot sy dood in 1700 gewoon het.[47] Die plaas bestaan hoofsaaklik uit berggrond wat baie geskik is vir die verbouing van wyn. Oor bykans drie eeue het Hartenberg aan 'n reeks eienaars behoort wat dit aansienlik vergroot het. Sedert 1948 is baie sorg aan die verbouing van wyn bestee en vandag is dit bekend vir sy landgoedwyne.[48]

Oor die plaashuis waarin Christoffel en sy gesin gewoon het, kon geen inligting gevind word nie. Ons kan aanneem dat dit die gewone tipe plaashuisie van daardie tyd was, nl. ".. in general small and to modern ideas scantily furnished, as the great majority of them had not been here long enough to acquire the means to provide more than was barely necessary for shelter and the simplest needs."[49] Die pragtige Kaaps-Hollandse huis wat nou op Hartenberg staan, is in die jaar 1849 deur P.J. Bosman wat toe die eienaar was, gebou.[50]

Tien jaar nadat Hartenberg aan Christoffel toegeken is, het hy op 24 September 1714 die aangrensende plaas Weltevreden uit die boedel van Matthuÿs Greeff gekoop.[51] Deur die aankoop het Christoffel die eienaar geword van die plaas wat vanaf 1693 tot 1700 aan sy skoonvader behoort het. (Sien bylaag A)

Weltevreden wat slegs 30 morg groot was se noordwestelike grens was "tegen de wagenweg" na Klapmuts.[52] Die finale oordrag van die plaas aan Christoffel is eers op 16 Maart 1716 deur die Politieke Raad goedgekeur.[53]

Vanaf 1714 het Christoffel sewe jaar lank op die twee plase geboer. In 1721 was hy, weens gesondheidsredes, verplig om sy boerdery in te kort en op 14 Maart 1721 het hy Hartenberg verkoop.[54] Die nuwe eienaar was Paul Keyser,[55] wat in 1707 as soldaat in die Kompanjie se diens na die Kaap toe gekom het. Nadat hy vanaf 1709 twee keer as leenkneg by Koloniste gewerk het, het hy in 1717 vryburger geword.[56]

Christoffel het, nadat hy Hartenberg verkoop het, tot sy dood in 1724 op Weltevreden gebly.[57]

Behalwe die twee plase het Christoffel ook 'n dorpshuisie in Tafelvallei (nou Kaapstad) besit wat hy op 29 November 1717 gekoop het van Jan Mÿnderts Kruÿwagen.[58] Waar die huisie presies geleë was, kon nie met sekerheid vasgestel word nie. Volgens die oudste bestaande plan van Kaapstad was die erfie geleë in blok G,[59] 'n gebied wat nou begrens word deur Burg-, Hout-, Kortmark- en St. Georgesstrate.[60]

Die erfie was baie klein, slegs 10 vk roede, 105 vk voet en 107 vk duim.[61] Die huisie het bestaan uit twee slaapkamers, 'n voorhuis en 'n kombuisie, met 'n solder.[62]

## Christoffel as boer

Christoffel was ná die ontbinding van die vennootskap finansieel goed daaraan toe. Op die stuk staatsgrond wat vier jaar later sy eiendom geword het, was daar 'n wingerd van 15 000 stokke waarvan hy in 1700 ag lêers (ongeveer 4 600 liters) wyn geoes het. Verder het hy daardie jaar ook 30 mud koring afgehaal. Sy lewende hawe het uit 100 skape, 50 beeste en drie perde bestaan. Ook het hy 'n slaaf en 'n slavin besit.[63]

Hartenberg was 'n ten volle ontwikkelde plaas en tot 1712 het sy jaarlikse opbrengs nie veel toegeneem nie. In 1712 was daar nog steeds 15 000 wingerstokke, maar toe was die wynoes slegs vier lêers (ongeveer 2 300 liters) teenoor die ag in die jaar 1700. Die koringoes was aansienlik hoër, nl. 100 mud teenoor die 30 mud in 1700. Die beestrop was nog steeds 50, maar die skaaptrop het met 400 tot 500 vermeerder. Opvallend is die groot getal slawe wat Christofel nou besit het, nl. 15. Hulle het bestaan uit nege mans, twee vroue en vier seuns.[64]

Eers nadat Christoffel in 1714 Weltevreden gekoop het, kon hy sy boerdery verder uitbrei. Die enigste vertakking van sy veelsydige boerdery wat hy nie verder opgebou het nie, was sy wynmakery. Sy wingerd het op 15 000 stokke bly staan[65] en hy het nooit meer as vier lêers wyn per jaar gepars nie.[66]

Weltevreden wat baie geskik vir die verbouing van koring was, het sy saaiplaas geword waar hy tot 120 mud koring per jaar geoes

het.[67] Hoewel hy elke jaar 'n bietjie gars gesaai het, was sy opbrengs nooit meer as 20 mud per jaar nie.[68]

Sy skaaptrop het geleidelik vermeerder totdat dit in 1720 op 600 gestaan het. Die lammers was nie hierby getel nie.[69] Hy het nooit meer as 60 beeste aangehou nie. Die helfte daarvan was trekosse en die res koeie. Die kalwers se getalle is nie op die opgaafrolle aangegee nie.[70] In 1714 het hy ook met 'n varkboerdery begin, maar nooit meer as tien volgroeide varke aangehou nie.[71]

Christoffel was stellig baie lief vir perde, want hy het vir daardie tyd 'n groot getal gehad, nl. 20.[72] Die perde is hoofsaaklik as ry- en karperde gebruik.

Die nypende arbeiderstekort was een van die grootste stremmende faktore op landbougebied. Om dit die hoof te probeer bied, het Christoffel van 1700 af begin om slawe aan te koop. In onderstaande tabel word aangetoon hoedat sy slawe se getalle vanaf 1700 tot 1722 gewissel het.

| Jaar | Mans | Vrouens | Seuns | Dogters | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| 1700 | 2 | - | - | - | 2 |
| 1709 | 3 | 1 | 1 | 1 | 6 |
| 1712 | 9 | 2 | 4 | - | 15 |
| 1714 | 4 | 1 | 2 | 2 | 9 |
| 1717 | 6 | 1 | 2 | 1 | 10 |
| 1718 | 6 | 2 | 3 | 1 | 12 |
| 1719 | 9 | 2 | 4 | - | 15 |
| 1720 | 7 | 2 | - | 2 | 11 |
| 1722 | 6 | 2 | 2 | 2 | 12 |

[73]

Die eerste twaalf jaar het Christoffel en sy slawe die plaaswerk alles self behartig. Toe hy in 1713 begin het om sy boerdery uit te brei, was hy genoodsaak om knegte weer in diens te neem. Op 19 Oktober het hy Matthuÿs Dubberitscke van Koningsberg, 'n soldaat in die Kompanjie se diens, 'n jaar lank as leenkneg gehuur.[74] Die kontrak, met Dubberitscke is ná verstryking van sy dienstermyn nog twee maal hernuwe.[75]

Na verstryking van Dubberitscke se dienstyd het Christoffel op 16 Oktober 1717 die soldaat, Roelof Guttingh van Riemske, as leenkneg gehuur.[76] Sy loon was "elf gulden per maand en een pont tabak, boven en behalven't onderhout van spÿs, drank en goede huÿsvesting."[77] Die kontrak tussen Christoffel en Guttingh is daarna tot 1724 jaarliks hernuwe.[78]

Nadat Christoffel Hartenberg in 1721 verkoop het, het hy sy boerdery drasties ingekort. Trouens, die verkoop van Hartenberg, wat sy wynplaas was, was die eerste stap in die rigting. Hy het daarna nie verder met sy wynmakery voortgegaan nie.[79] Die jaar nadat hy Hartenberg verkoop het, het hy slegs 30 mud koring op Weltevreden gesaai en sy skaapboerdery na 400 en sy beesboerdery na 40 verminder.[80] Dit was die laaste jaar dat sy naam in die opgaafrolle van die distrik van Stellenbosch verskyn het.

Christoffel was 'n suksesvolle boer. Deur harde werk en deeglike beplanning het hy sy boerdery van die grond af opgebou. Gemeet aan die standaarde van sy tyd, was hy van 1714 tot 1721 een van die voorste boere in Stellenbosch.

## Laaste Jare van die Egpaar

Die feit dat Christoffel se naam ná 1722 nie meer in die opgaafrolle van Stellenbosch verskyn nie, beteken nie dat hy hom toe heeltemal van die boerdery onttrek het nie. Inteendeel, hy het op die plaas Weltevreden bly woon, waar hy nog 'n klein boerderytjie aangehou het om in sy eie en in sy gesin se behoeftes te voorsien.[81]

Behalwe Willem, sy oudste seun wat reeds in 1717 die huis verlaat het,[82] het hy nog vir die ander twee seuns gesorg asook vir sy kneg en vir twaalf slawe.[83] Hy was gevolglik genoodsaak om op 'n klein skaal te boer. Trouens, op 15 Oktober 1722 en op 16 Oktober 1723 het hy die huurkontrak tussen hom en Roelof Guttingh hernuwe.[84]

Twee jaar later, in Augustus 1724, is Christoffel op Weltevreden oorlede. Op Maandag, 21 Augustus 1724, is die weesheer in Kaapstad van sy dood in kennis gestel. Die notule van die weeskamer waarin sy dood genotuleer is, lui soos volg: "De soon van de weede Christoffel Esterhuÿsen maakte Uÿt namen van haar, vermits sÿ siekelÿk te bedde leÿde de dood van sÿn vader bekendt".[85]

Oor hoe oud Christoffel was toe hy oorlede is, kan net gegis word. Wat ons wel weet, is dat hy die laaste 33 jaar van sy lewe aan die Kaap deurgebring het. As hy, soos vermoed word, as 'n soldaat hierheen gekom het, kon hy tussen 22 en 23 jaar oud gewees het toe hy uit die Kompanjie se diens getree het. As hy daarna nog 'n jaar of twee as vrykneg by 'n kolonis gewerk het, voordat hy in 1691 begin boer het, moes hy tussen 57 en 58 jaar oud gewees het.

Elizabeth het, ná haar man se dood, in hul dorpshuis gaan woon.[86]

Geoordeel aan die groot getal borde, koppies, pierings en lepels wat ná haar dood in die huis gevind is, is dit moontlik dat sy een van die vertrekke in die huis as 'n eetplek (restaurant) ingerig het.[87] Baie inwoners van Kaapstad het destyds op dié wyse etes en drank verskaf aan soldate, matrose en amptenare.

Wat Weltevreden betref, is al die los goedere op die plaas verkoop.[88] Sy het die kneg Roelof Guttingh egter in diens gehou en hy het saam met twee slawe, twee slavinne, twee dogters en een seun, altesame sewe persone, op die plaas agtergebly.[89] Toe die kneg se dienstyd op 16 Oktober 1725 verstreke was, het haar jongste seun, Christoffel, hom namens sy moeder vir nog 'n verdere jaar gehuur.[90]

Elizabeth is in Maart 1726 oorlede en in die Grootte Kerk of in die aangrensende begrafplaas begrawe.

Haar begrafniskoste het altesame 128 guldens beloop.[91]

Elizabeth is op vyf-en-veertigjarige leeftyd oorlede.[92]

Die egpaar se boedel

Christoffel het versuim om 'n testament op te stel en het gevolglik intestaat gesterf.[93] Die Raad van die Weeskamer was in sitting toe hul op Maandag, 21 Augustus, van sy dood in kennis gestel is en hul het daar en dan besluit om onmiddellik 'n inventaris van sy boedel op te stel, sodat hul oor sy "kinders (se) erfdeel nader kon disponeeren".[94]

Ná voltooiing van die boedelinventaris het die Raad van die Weeskamer besluit dat Elizabeth in die dorpshuis mag bly tot haar dood. Daarbenewens het sy ook die vruggebruik van al die losgoed in die huis gehad. Die plaas, met alles daarop, moes verkoop word.[95]

Die vandusie is op Vrydag, 3 November 1724, gehou. Weltevreden is opgeveil, maar niemand het gebie nie en dit is dus nie verkoop nie. Al die vee, die plaasgereedskap, meubels en een van die slawedogters is verkoop. Die totale opbrengs van die veiling was 1492 riksdalers.[96]

Die Weeskamer was nou in 'n posisie om die eise teen Christoffel se boedel af te handel. Op 22 November 1724 het die sekretaris van die Weeskamer opdrag ontvang om, soos dit destyds die gebruik was, biljette orals op te plak, waarin die publiek gevra word om eise, wat hul teen die boedel het, by die Weeskamer in die dien.[97]

Wat die plaas betref, was Elizabeth tot haar dood vir die versorging daarvan verantwoordelik. Sy het Roelof Guttingh in haar diens gehou om na Weltevreden en die slawe wat daar agtergebly het, nl. twee mans, twee vroue, twee seuns en een dogter om te sien.[98] Hulle het blykbaar net genoeg koring verbou en groente gekweek om in hul eie behoeftes te voorsien.[99] Op 16 Oktober 1725 het Christoffel (jnr.) namens sy moeder die huurkontrak met Roelof Guttingh vir nog 'n jaar verleng.[100]

Ná Elizabeth se dood in Maart 1726, is weer eens 'n boedelinventaris opgestel van "een hÿs en Erf gelegen in deser Tafelvalley (en) Een plaats ofte Hofsteden gelegen in de Bettelary onder Stellenbosch genaamt, Weltevreden".[101] Die roerende goed op Weltevreden het uit een ysterpot, vyf tafelborde, twee wateremmers en 'n kruiwa bestaan. Verder was daar ook nog twee slaweseuns en - dogters.[102]

In die dorpshuis was altesame 92 items. Opvallend is dat die kombuisgerei feitlik alles uit koper bestaan het. So was daar 'n koperketel, 'n koperpan met deksel, twee koperkandelare, 'n koperkoffiekan, 'n kopervysel en stamper, 'n koperkonvoor, 'n koperkonvoortjie vir die droogmaak van tabak, drie koperstrykysters, drie koperteeketels, ens. In die slaapkamer was daar, behalwe twee beddens met kussings en komberse, ook nog

'n aantal syrokke, vier goue ringe, enkele silverkettings en 'n aantal silwerknope.[103]

Die huis met sy inhoud is op 25 April 1726 op 'n openbare veiling verkoop. Die huis is deur Johannes Groenewald gekoop vir 3 000 riksdalers. Die inhoud van die huis is vir 644 riksdalers verkoop.[104] Hy het die koopsom in drie paaiemente betaal. Die laaste paaiement is op 17 Julie 1728 betaal.[105]

Die totale bates van die boedel was 10410 riksdalers. Die eise teen die boedel was besonder hoog en het 3 690 riksdalers beloop.[106] Die twee grootste eise was twee obligasies, een van Pieter van der Byl se weduwee vir 840 riksdalers en die ander een van Jan Mÿndertz Crÿwagen vir 560 riksdalers. Nog 'n eis wat ook hoog was, was die boedelkoste. Die betrokke rekening lui so: "Ge committe weesmeesteren en sekretaris voor vacatie gelden, salaris, ens." 793 riksdalers[107]. (Vacatie geld was die fooie wat vir die opstel van die inventaris betaal is.)

Nadat al die koste afgetrek is, is die balans, nl. 6720 riksdalers, onder die drie erfgename verdeel. Elkeen het 2240 riksdalers ontvang. Willem en Jan Andries se gedeeltes is onmiddellik aan hul uitbetaal, maar Christoffel, wat toe nog nie mondig was nie, se deel is deur die weeskamer in trust gehou totdat hy 21 jaar oud was.[108]

<u>Christoffel as mens en sy rol in die samelewing</u>

In die karige gegewens wat oor Christoffel gevind is, is daar geen direkte inligting oor sy karakter en persoonlike eienskappe nie. Dit is dus onmoontlik om 'n geheelbeeld van hom as mens te gee. Wat hier volg, is slegs 'n aantal indrukke wat 'n mens, by die deurlees van die dokumente, van hom kry.

Wat die meeste opval, is dat Christoffel 'n baie teruggetrokke persoon was. Hy was amper menssku en het verkies om op die agtergrond te bly. Vandaar dan ook dat hy hom in Bottelary, wat destyds 'n afgeleë streek was, op onopgemete staatsgrond gaan vestig het. Oor die redes vir sy skugterheid kan net gegis word. Eerstens was hy van nature 'n geslote persoon; tweedens het hy uit die arbeidersklas van die destydse Wes-Europese gemeenskap wat nie ligtelik met die klasse bo hulle geassosieer het nie, gekom en derdens was hy ongeletterd. Waar sy handtekening vereis was, het hy 'n kruisie getrek. (Sien bylaag B) Dit was waarskynlik die vernaamste rede vir sy skugterheid.

Die afsydige houding van Christoffel was blykbaar die rede waarom hy gedurende die 33 jaar wat hy in Stellenbosch gewoon het, nie 'n enkele keer in een van die plaaslike liggame of organisasies gedien het nie. Net twee gevalle is teëgekom waar hy wel na vore getree het en die aandag op hom gevestig het. Die eerste was in 1702 toe hy Wynand Bezuidenhout, wat op 'n handelstog na die binneland gegaan het, van 'n wa voorsien het.[109] Die tweede keer was op 13 Februarie 1706 toe hy Adam Tas op Libertas besoek het met die doel om die petisie teen Willem Adriaan van der Stel te onderteken. Tas het nie die petisie op daardie tydstip by hom

gehad nie en gevolglik het Christoffel dit toe nie onderteken nie.[110]

Die enigste organisasie waaraan hy behoort het, was die burgermag van Stellenbosch of "De Kavallerÿe en Infanterÿe van Stellenbosch en Drakensteÿn" soos dit genoem is.[111] Vanaf 1700 tot 1716 was hy 'n lid van die mag en het hy elke jaar gereeld aan die oefeninge en papegaai-skiet deelgeneem op die "ordinaire excercitie plaats." (tans die Braak)[112]

Ten spyte van sy skugterheid het Christoffel goed met mense oor die weg gekom. Nie een van die knegte wat hy gehuur het, het enige klagte oor hom gehad nie. Trouens, Roelof Guttingh was sowat agt jaar ononderbroke in sy diens. 'n Verdere bewys in dié verband is die vennootskap tussen hom en Coenraad Boom wat oor agt jaar gestrek het.

Hy was ook nie 'n twissieke mens nie, maar het in vrede met sy medekoloniste gelewe. In 'n opname wat dr. G.C. de Wet in sy reeds aangehaalde proefskrif gemaak het van die Kaapse vryliede wat in siviele gedinge betrokke was, kom sy naam nie voor nie.[113] Ook het hy nie 'n enkele maal voor die landdros-en-heemrade van Stellenbosch of die Raad van Justisie vir 'n kriminele aanklag verskyn nie.[114]

Hy was nie net skrander nie, maar ook hardwerkend, ander sou hy nie daarin geslaag het om sy boerdery so deeglik te beplan en van die grond af op te bou nie. Dit het baie deursettingsvermoë geverg om in die swak enonomiese toestande, wat destyds aan die Kaap geheers het, 'n boerdery met die omvang van syne op te bou. Dit kon slegs gedoen word deur 'n persoon wat doelgerig en vol fut was.

Christoffel is in weerwil van sy tekortkominge 'n stamvader waarop sy nageslag trots kan wees.

## Christoffel se seuns

'n Lewenskets van Christoffel Esterhuÿs is nie volledig sonder om iets te vermeld van sy seuns wat die eerste geslag in die nuwe vaderland was nie.

Die oudste seun, Jan is, soos reeds vermeld, op jeugdige ouderdom oorlede.

Die tweede seun, Wilhelm in die wandel bekend as Willem, is tussen 20 Mei en 5 Augustus 1703 op Stellenbosch gedoop.[115] Hy het sy ouerhuis omstreeks 1717 verlaat om op sy eie te begin boer.[116] Hy het goed gevaar en vyf jaar later was hy 'n gevestigde boer in Stellenbosch se distrik.[117]

Op 24-jarige leeftyd is hy op 26 Oktober 1727 met Johanna Carelse van den Burg in die Paarl getroud.[118] Sy was 'n dogter van Hermanus van der Burg van Dortmund wat in 1701 as 'n soldaat na die Kaap toe gekom het.[119] Nadat hy vryburger geword het, het hy op die plaas Onrust in Stellenbosch se distrik gaan boer.[120]

Willem het ná sy troue ook op Onrust gaan woon en tot sy dood toe daar geboer.[121] Johanna het ná haar vader se dood die plaas geërf.[122] Uit die huwelik is tien kinders gebore, vyf seuns en vyf dogters.[123]

Die derde seun Jan Andries, wat op 23 November 1704 op Stellenbosch gedoop is, het tot sy vader se dood in die huis gebly.[124] net soos sy ouer broer, het hy ook gaan boer en teen 1731 was hy ewe-eens 'n gevestigde boer in Stellenbosch se distrik.[125]

Op 27 Julie 1727 is hy met Appolonia Everts op Stellenbosch getroud.[126] Sy was 'n dogter van Abraham Everts en Catherina le Febre.[127] Appolonia se ouers was toe albei reeds oorlede en omdat sy nog nie mondig was nie, moes sy eers die weesmeester se goedkeuring verkry voordat sy kon trou.[128]

Uit die huwelik is vier kinders gebore, twee seuns en twee dogters.[129]

Die egpaar se jongste seun, Christoffel, wat op 9 Maart 1710 gedoop is,[130] het ná sy ouers se dood ook in Stellenbosch se distrik geboer. Hy is nooit getroud nie.[131]

In sy testament wat op 22 Junie 1760, toe hy 50 jaar oud was, opgestel is, het hy sy aardsgoed as volg bemaak: Aan Stellenbosch se gemeente 'n bedrag van 25 gulden. Die geld moes vir armsorg aangewend word. Die restant van sy boedel het hy aan sy neef Willem, die derde kind van sy broer, Willem[132] bemaak.[133]

## FAMILIENAAM EN STAMLAND

In die inleidende paragraaf hier bo is reeds daarop gewys dat Christoffel se oorspronklike familienaam nêrens in die Kompanjie-dokumente voorkom nie en dat die van Esterhuÿs hier te lande aan hom gegee is.

Die vernaamste rede hiervoor is dat hy ongeletterd was en nie kon skryf of spel nie. Waar sy handtekeninge op 'n amptelike dokument vereis was, het hy 'n kruisie getrek en die amptenaar wat teenwoordig was, het daarby gesertifiseer dat die merk deur Christoffel Esterhuÿs getrek is. Sien <u>bylaag B</u> vir so 'n voorbeeld. Analfabetisme was destyds geen uitsondering aan die Kaap nie. In 1692 was slegs 48,3% van die mans aan die Kaap geletterd; 30,7% was ongeletterd en die orige 21% was onbekend.[134]

Waar Christoffel se volle naam in 'n amptelike dokument, soos byvoorbeeld die monsterrolle opgeneem is, het hy dit aan die betrokke amptenaar meegedeel wat dit dan, soos hy dit gehoor en verstaan het, neergeskryf het. Wanneer dieselfde handeling by 'n latere geleentheid voor 'n ander amptenaar herhaal is, is dit voor die handliggend dat hy die uitspraak van Christoffel se familienaam nie presies soos sy voorganger gehoor, verstaan en neergeskryf het nie. Die gevolg was dat daar verskillende skryfwyses van Christoffel se van ontstaan het.

In die onderstaande tabel word die verskillende skryfwyses van sy van vanaf 1691 tot sy dood in 1724 weergegee.

| Jaartal | Skryfwyse |
|---|---|
| 1691 | Christoffel Oostries |
| 1692 | Christoffel Oosterhuÿs |
| 1693 | Christoffel Eÿstruÿs |
| 1694 | Christoffel Esterhuÿs |
| 1696 | Christoffel Esterhuÿsen |
| 1698 | Christoffel Uÿtsterhuÿs |
| 1700 | Christoffel Asterhuÿs |
| | Christoffel Esterhuis |
| 1701-1724 | Christoffel Esterhuÿs en |
| | Christoffel Esterhuÿsen[135] |

Uit die tabel is dit duidelik dat Christoffel se familienaam na 1700 konsekwent Esterhuÿs of Esterhuÿsen geskryf is. Christoffel het die skryfwyse as die korrekte weergawe van sy van aanvaar. Nêrens is enige aanduiding gevind dat hy beswaar daarteen gehad het nie. Sy seuns het dit eweneens as hul familienaam aanvaar. Die vroegste geval waar die handtekening van een van Christoffel se seuns teengekom is, was 'n kontrak wat op 16 Oktober, 1725 deur Christoffel Esterhuÿs (Jnr.) onderteken is. (Kyk bylaag C)

Op die oog af kom Esterhuÿs voor as 'n Nederlandse familienaam. Dit is inderdaad nie die geval nie. Die van kom nie in Nederland voor nie en het in die verlede ook nie daar voorgekom nie.[136] Dit kom net in Suid-Afrika voor.[137]

Die van bestaan uit drie lettergrepe, nl. Es + Ter + huÿs. (Die verskillende spellings van huÿs is toe te skryf aan die feit dat daar destyds nog nie vaste spelreëls vir die Nederlandse taal bestaan het nie. Elkeen het na eie goeddunke gespel.) Nou is dit opvallend dat behalwe in die geval van 1691 en 1693 al die ander skryfwyses ook uit drie lettergrepe bestaan. Hiervan kan ons sonder meer aflei dat die oorspronklike van ook uit drie lettergrepe moes bestaan het. Verder stem die laaste twee lettergrepe van die onderskeie skryfwyses presies met mekaar ooreen. As in aanmerking geneem word dat verskillende amptenare dit geskryf het, kan die ooreenkoms bepaald nie as blote toeval bestempel word nie. Al verklaring daarvoor is, m.i., dat die uitspraak van die twee lettergrepe so na aan die Nederlandse taal was dat die amptenare dit sonder enige huiwering as ter + huÿs weergegee het.

Die amptenare se grootste probleem was die eerste lettergreep. Hul rondvallery om die klank weer te gee, dui daarop dat dit vir hulle 'n onbekende klank was. Verder toon die weergawe van 1691, 1693 en 1698 aan dat die lettergreep 'n lang of dubbele klank was.

Die 1692-weergawe kan buite rekening gelaat word, want Oosterhuÿs was toe alreeds 'n bekende Nederlandse van en die Kompanjieamptenare sou geen probleem daarmee gehad het nie, indien dit wel Christoffel se van was nie. Dit geld ook vir "Oos" in die 1691-weergawe. Van die ander twee weergawes is die een van 1693 van besondere belang. Die tweede letter hiervan is nie 'n "y" nie, maar inderdaad 'n i + j wat in die Nederlandse taal as 'n tweeklank bekend staan.[138] Terselfdertyd is die ei-klank egter ook in Nederlands 'n tweeklank. Die "ei en de i + j klinken in het beschaafde Nederlands gelÿk".[139] Die uitspraak van ei en i - j is baie naby dié van ee. Hul word dan ook dikwels met mekaar afgewissel.[140]

Die rede waarom die amptenare die eerste lettergreep na e + s verander het, was as gevolg van hul gesukkel met die spelling van die tweeklank. Hulle het die tweeklank eenvoudig na 'n enkelklank verander. Dit was maklik om te spel en boonop was dit ook - al was dit maar net gedeeltelik - 'n weergawe van die oorspronklike klank.

Die vroegste datum waarop Christoffel se van as Esterhuÿs geskryf is, kom voor in die kontrak wat hy (Christoffel) op 5 Maart 1694 met die leenkneg, Hans Hendrik, gesluit het.[141] Die beampte wat die kontrak opgestel het, was niemand minder as die destydse Sekretaris van die Politieke Raad, J.G. de Grevenbroek nie. Hy was nie net 'n bekwame amptenaar nie, maar ook 'n geleerde persoon, wat in Latyn, oor die Hottentotte aan die Kaap geskryf het.[142]

Of dit in navolging van die Grevenbroek was, weet ons nie, maar vanaf 1696 het die amptenare, al meer en meer by dié skryfwyse gehou en vanaf 1700 het hulle dit konsekwent nagevolg.

Uit bostaande gegewens kan gekonstateer word dat Christoffel se nuwe van 'n poging was om sy oorspronklike familienaam wat uit drie lettergrepe bestaan het, in Nederlands weer te gee.

Die volgende stap was om die juistheid van die verskillende opvattings wat in Suid-Afrika oor die herkoms van Christoffel se familienaam bestaan, vas te stel. Daar is veral twee denkrigtings wat die aandag verg. Hulle is:

I

## Christoffel is van Franse afkoms

Reeds so vroeg as 1869 het A. Wilmot in J.C. Chase in 'n publikasie oor die geskiedenis van die Kaapkolonie verklaar dat Christoffel 'n Franse vlugteling was en dat sy Franse familienaam Extreux was. Die inligting het hul verkry uit 'n lys bevattende die familiename van 69 Franse vlugtelinge wat deur die destydse Franse konsul aan die Kaap, M. de Lettre, opgestel en aan hul beskikbaar gestel is.[143] Die lys is saamgestel uit die name van die ouers wat in die doopregister van die Franse kerkie, waar Christoffel se oudste seun gedoop is, verskyn.[144]

C.C. de Villiers, opsteller van die stamregister. "Oude Kaapsche Familien" het Wilmot en Chase se bewering dat Christoffel van Franse afkoms is en sy oorspronklike van Extreux was, aanvaar, maar hy het nie met hulle saamgestem dat hy 'n Franse vlugteling was nie. "De Stamvader", aldus de Villiers, "van deze familie was Christoffel Extreux of Esterhuÿzen, die naar Zuid-Afrika kwam in het jaar 1692".[145]

In die dertigerjare het 'n werkie uit die pen van J.D.A. Krige verskyn, waarin hy die oorsprong van die Franse immigrante wat voor 1800 na Suid-Afrika gekom het, se familiename behandel. Daarin het hy sonder meer aanvaar dat Christoffel van Franse afkoms was en dat die oorsprong van sy familienaam 'n pleknaam in Noord-Frankryk is. Die betrokke pleknaam is Estreux en gevolglik moet die eerste x in sy van met 'n s vervang word. Die rede waarom Christoffel se van na Esterhuÿs verander is, verklaar hy soos volg: "Deur die Hollandse uitspraak en vermoedelik onder die invloed van veelvuldig voorkomende name soos Oosterhuys en Oosterhuizen, is Estreux tot Esterhuyzen gewysig".[146]

Krige is daarna klakkeloos aanvaar deur persone soos dr. D.F. du T. Malherbe,[147] J.H. Redelinghuis,[148] dr. C. Parma[149] en andere.

Kritiek teen Christoffel se Franse afkoms het nie uitgebly nie. In 1946 het N.H. Theunissen in 'n artikel wat in "Die Brandwag", 'n tydskrif van daardie tyd, verskyn het, beweer dat Christoffel van Duitse afkoms was. Die Franse van wat in die Franse doopregister agter Christoffel se voornaam verskyn, het hy aan ds. Pierre Simon, die Franse predikant, se onvermoë om die Nederlandse vanne korrek te spel, toegeskryf. In die geval van Christoffel was die spelling van "Esterhuysen ... vir Simond te veel en hy het dit toe maar Extreux gespel."[150]

Dr. J.A. Heese, die bekende genealoog, het Theunissen gelyk gegee.[151] Wat Theunissen beslis nie geweet het nie[152] en dr. Heese waarskynlik ook nie, was dat Christoffel ongeletterd was en sy voornaam en sy van mondelings aan die Franse skriba oorgedra het,

wat dit soos hy dit gehoor en begryp het, in Frans neergeskryf het - net soos die Kompanjie-amptenare dit in Nederlands gedoen het.

Ten einde seker te maak of Christoffel nie van Franse afkoms was nie, is die Direkteur-generaal van die Franse nasionale argiefdiens in Parys genader met die volgende versoek:

(a) "Does the surname Extreux exist in France and did it exist already at the time of the revocation of the Edict of Nantes?
(b) Does any information exist, indicating that persons of that surname were amongst the Huguenots who went to the Netherlands or Germany?
(c) If so, do you have any information about the person concerned".[153]

Die Direkteur-generaal het geantwoord dat Estreux en nie Extreux nie, in die noorde van Frankryk, as 'n pleknaam voorkom. Nie een van die name bestaan in Frankryk as 'n familienaam nie. Hulle verskyn ook nie onder die familiename van persone wat die land om godsdienstige redes verlaat het nie.[154] Christoffel was dus nie van Franse afkoms nie.

II

Christoffel was van Duitse afkoms

In 1902 het die bekende Nederlandse geskiedskrywer prof. H.T. Colenbrander 'n publikasie uitgegee met die titel "De Afkomst der Boeren".[155] In die werk het hy die Kaapse koloniste van die Kompanjie se tyd ingedeel volgens hul land van herkoms. Christoffel Esterhuys se land van herkoms het hy as Duitsland aangegee.[156] Ongelukkig gee hy nie die bron aan waaruit hy die inligting verkry het nie.

N.H. Theunissen het in sy reeds aangehaalde Artikel beweer dat Christoffel Esterhuys van Wes-Duitsland afkomstig was en dat sy oorspronklike van Esterhausen was. Hier is dit toe vernederlands na Esterhuys en Esterhuysen.[157]

Twee gesaghebbende publikasies oor Duitse familiename wat geraadpleeg is, gee wel vanne aan wat met Ester begin, maar in nie een van hul kom die van Esterhausen voor nie.[158]

'n Gesaghebbende werk oor die Duitsers wat gedurende die Kompanjie se tyd na Suid-Afrika gekom het, is dr. J. Hoge se boek "Personalia of the Germans at the Cape, 1652 - 1800". In die voorwoord sê die skrywer: "In the present publication an attempt is made to give a complete list of those Germans who came to the Cape in the service of the Company during the period 1652 till 1806 and settled here". Onder die sowat 4 000 Duitse name wat in die werk voorkom, verskyn Christoffel se naam nie.[159]

Die hoof van die Nederlandse "Centraal bureau voor Genealogie" wat ook geraadpleeg is, was ewe-eens oortuig dat Christoffel nie van Duitse herkoms is nie.[160]

Op die regte pad

Die eerste stap in die rigting het van die hoof van die Nederlandse "Centraal bureau voor Genealogie", gekom. Die "Nederlandse karakter van die naam", dit is Christoffel se van, het syns insiens daarop gedui dat Christoffel se moedertaal, net soos Nederlands, aan die Germaanse taalfamilie behoort. Hy het gemeen dat dit Fries was en aanbeveel dat ek in Oos-Friesland wat in Duitsland geleë is, verder moes soek.[161]

Die Friese waarna hier verwys word, het in die 3de eeu n.C. van die Skandinawiese lande na die Noordseekus verhuis en hul vanaf die Yselmeer tot in die huidige Denemarke gevestig.[162] Hulle onafhanklikheid is oor die eeue heen dikwels bedreig. Gedurende die middel-eeue is hul 'n tyd lank deur die Saksers oorheers en so het die Saksiese dialek die gebied binnegedring.[163] Daarna is die Friese se grondgebied met verloop van tyd onder die aangrensende state verdeel. Die gedeelte wat vandag as Friesland bekend staan, het hom gedurende die 80-jarige oorlog by die Prins van Oranje geskaar en dit het na die oorlog 'n deel van Nederland geword.[164]

Fries het langs die Nederlandse taal, wat die ampstaal is, bly voortbestaan en bevat vandag 'n uitgebreide literatuur.[165] As taal is Fries net soos Nederlands, verwant aan die Germaanse taalfamilie, maar hul behoort aan verskillende takke van die familie. Verder is daar nog 'n baie belangrike verskil. Die Friese klankstelsel is baie nou verwant aan die Engelse taal. Gevolglik "sluit het Friesch zich dikwÿls wat zÿn klankstelsel betreft dichter aan bÿ het Engelisch dan by" die Nederlandse taal. So is, byvoorbeeld die Nederlandse woord "zoet" in Fries "sweet" en in Engels "sweet".[166]

Verder is ook die Friese familiename behalwe dié wat op "a" eindig soos bv. Heersema, Hoeksema, ens. in Nederlands vertaal. Die vertaling het oor 'n lang tydperk gestrek en die Friese vanne het vir geslagte langs die vertaling voortbestaan.[167]

In plaas van verder in Wes-Duitsland na die oorsprong van Christoffel se van te soek, soos die hoof van die Centraal bureau voor Geneologie aanbeveel het, is die Direkteur van die Nederlandse "Instituut voor Dialectologie, Volk- en "Naamkunde" om 'n mening genader. Al die beskikbare inligting oor Christoffel en die verskillende skryfwyses van sy van is aan die instituut gestuur.[168]

Na 'n deeglike studie van die gegewens, sowel as van bykomende inligting tot sy beskikking, was die Direkteur se bevinding dat Christoffel bo alle twyfel van Friese herkoms is en dat Oosterhuis die Nederlandse vertaling van sy Friese familienaam is. Die van wat vandag in Nederlands as Oosterhuis geskryf word "... wordt in het Fries geschreven als "Easter(hús) met ongeveer de uitspraak ie(j)ester (dat wil zeggen een dubbel klank). Easter betekent het zelfde als het Nederlandse Ooster".[169]

Die Direkteur se bevinding word verder bevestig deur die raakpunte in die twee familiename. Hulle is:
(i) Albei vanne bestaan uit drie lettergrepe.

(ii) Daar is reeds daarop gewys dat die verskillende weergawes van die eerste lettergreep daarop dui dat dit vir die amptenare 'n vreemde en onbekende klank was. Die Fries uitspraak daarvan is 'n klank wat by die Engelse klankstelsel aansluit en wat vir die Kompanjie se amptenare onbekend was. Selfs die 1693 weergawe wat die naaste aan die Friese uitspraak gekom het, is laat vaar en deur 'n e+s-klank vervang.

(iii) Die tweede lettergreep kom in die Friese taal sowel as in Nederlands voor.

(iv) Die uitspraak van die derde lettergreep, nl. hús, lê so naby die Nederlandse uitspraak vir huis dat dit geen probleem geskep het nie.

(v) Die 1692-weergawe nl. Oosterhuÿs is die Nederlandse vertaling van Easterhús.

Die familienaam Esterhuÿs bestaan gedeeltelik uit die oorspronklike Friese van en gedeeltelik uit 'n Nederlandse vertaling. Die Es is die laaste gedeelte van die Friese dubbelklank Eas; die ter is 'n Friese klank en huÿs is die Nederlandse vertaling van die Friese woord "hús".

Laastens het die Direkteur van die Instituut ook vasgestel uit watter Nederlandse provinsie Christoffel afkomstig was.

'n Ontleding van die Nederlandse sensusopname vir 1970 het getoon dat die van Oosterhuys oor die hele Nederland voorkom, maar "... dat het kerngebied van die familienaam Oosterhuis gezocht moet word en in het noorden van ons land, meer in het bÿzonder in de provincie Groningen".[170]

Dit is juis die gebied in Friesland waar die Friese taal nog oorheersend is.[171]

Dr. L.H. Bruins wat uitgebreide navorsing oor die Easterhús-familie van Groningen gedoen het, het die volgende brokkies oor die familie aan my verstrek.

Die oorsprong van die van is 'n pleknaam in die provinsie Groningen. Hoewel daar nie minder as vier plekke in die provinsie is wat as Oosterhuizen (vandag se spelling) bekend staan nie, meen hy dat "alle groninger Oosterhuizen genoemd zÿn naar de boerdery van die naam by Bedum".[172] Dit is ongeveer 12 kilometers noord van die stad Groningen.[173] Dit is een van die oudste Friese familiename in die provinsie van Groningen en dr. Bruins het die van in dokumente so vroeg as die jaar 1300 teengekom.[174]

Ten slotte moet ook melding gemaak word van die pogings wat aangewend is om in buitelandse argiewe en institute inligting oor Christoffel se koms na die Kaap op te spoor.

Die eerste instansie wat genader is, was die Direkteur van die Nederlandse Ryksargief in Leeuwarden, waar die dokumente van die provinsie Groningen ook gehuisves word.[175] Die Direkteur het nie self my brief beantwoord nie, maar na 'n privaatnavorser, mnr. Brouwers, verwys vir afhandeling. Volgens mnr. Brouwers is die kanse skraal dat in die Ryksargief enige inligting oor Christoffel

se koms na Suid-Afrika, gevind sou word en boonop moet die argiewe van 41 plaaslike owerhede deurgewerk word om daarna te soek.[176]

Tweedens is die Direkteur van die Gemeente archief in Leeuwarden met dieselfde versoek genader.[177] Hy het geantwoord "dat de door u genoemde Christoffel Oosterhuis niet in de Leeuwarden Archieven voorkomt ... Daarby komt nog de moeilÿkheid, dat van de vertrekken personen te Leeuwarden geen registrasie werd bÿgehouden."[178]

Die derde en laaste instansie wat genader is, was die hoof van die Genealogische Dienst in Groningen.[179] Sy antwoord was net so teleurstellend. Nie net het al die registers waarin die name van persone wat voor 1700 na die buiteland verhuis het, verlore gegaan nie, maar ook "had men in dié tyd nog geen achternaam, maar gebruikte men de voornamen van de vader als zoodanig."[180]

Die kanse is myns insiens baie skraal dat verdere soektogte in Nederland enige inligting oor Christoffel se verhuising na die Kaap sal oplewer.

<u>Slotsom</u>: Ons kan bo alle twyfel aanvaar dat die stamvader van die Esterhuys-familie in Suid-Afrika van Friese afkoms was, dat sy oorspronklike van Easterhús was en dat hy van die provinsie Groningen in Nederland gekom het.

## <u>Spelling van die familienaam</u>

Die laaste gedeelte van die familienaam word in die Republiek van Suid-Afrika op verskillende wyses gespel, bv. Esterhuys, Esterhuyse, Esterhuysen, Esterhuize, Esterhuizen, ens. Die verskillende spellings het hoofsaaklik voor 1795 ontstaan. Daar was toe aan die Kaap, sowel as in Nederland, geen vaste reëls vir die spelling van voor- en familiename nie. Elkeen het na eie goeddunke geskrywe en gespel.

Eers in 1812 is in Nederland wetgewing afgekondig vir die uniforme spelling van voor- en familiename. In die geval van familiename wat op huis geëindig het, is bepaal dat waar die van gebruik word om 'n persoon te identifiseer, moet die enkelvoud gebruik word, bv. Johannes Oosterhuis. Verder sou net die spelwyse "huis" erken word. Waar 'n groep met dieselfde van aangedui word, word die meervoud gebruik, bv. die Oosterhuizen-broers.

Die Kaap was toe reeds 'n Britse Kolonie en die Nederlandse wet het nie hier gegeld nie. In die Republiek is daar geen wetgewing rakende die korrekte spelling van familiename nie. Hier geld net een reël en dit is dat elke Suid-Afrikaanse burger sy voornaam en van moet spel soos dit by sy geboorte geregistreer is. Afwykings hiervan kan by die regsgeldigheid van testamente, kontrakte, ens. groot probleme veroorsaak.

Om 'n uniforme spelling van die familienaam nou te probeer deurvoer, sal 'n onwyse stap wees. Elke tak van die familie is gewoond en geheg aan die spelwyse wat hulle volg en sal nie bereid wees om daarvan af te sien nie. Daarbenewens is aan elke skryfwyse 'n stuk kultuurgeskiedenis verbonde wat verlore sal

gaan. Die gedagte aan 'n eenvormige spelling sal baie moeilik vir die familie aanvaarbaar wees. Die aangewese weg is dat elke lid van die familie voortgaan om sy familienaam te spel soos sy pa en oupa dit gedoen het.

* * * * * *

## Verwysings


1. V.C. 39, Monsterrolle, Stellenbosch, 1691; Algemeen Rÿksarchief - J.H. Esterhuyse, 29-6-1976.
2. Ibid.
3. J183, Opgaafrolle, Stellenbosch, 1692.
4. C.G. Botha: The Public Archives of South Africa, pp. 8-9.
5. Ibid.
6. G.C. de Wet: Die Vryliede en Vryswartes in die Kaapse Nedersetting, P. 1 en 100-101; C.J. 2871, Contracten, 5-3-1694, p. 4.
7. J. 184, Opgaafrolle, Stellenbosch 1716.
8. V.C. 39, Monsterrolle, Stellenbosch, 1692; C.J. 2750, Procuratien, p. 152.
9. G.C. de Wet: a.w. pp. 106-109.
10. V.C. 39, Monsterrolle, Stellenbosch, 1692.
11. Ibid, 1686.
12. G.C. de Wet: a.w., p. 34 en 44.
13. J. 183, Opgaafrolle, Stellenbosch, 1692.
14. (K.A.B.), A2250, Opgaafrolle, Stellenbosch, 1695.
15. De Wet: a.w., p. 35.
16. J. 183, Opgaafrolle, Stellenbosch, 1692.
17. De Wet: a.w., p. 100.
18. C.J. 2871, Contracten, 5-3-1694, pp. 4-5.
19. Ibid.
20. Groot Wooredenboek der Nederlandse Taal.
21. De Wet, a.w. p. 100.
22. C.J. 2872, Contracten, 9-3-1696, pp. 48-49.
23. A2250, Opgaafrolle, Stellenbosch, 1700.
24. V.C. 604, doop- huweliks- en lidmaatregister 1695-1712; V.C. 632, huweliksregister, Stellenbosch 1696-1701.
25. V.C. 632, Ibid.
26. G.C. de Wet: a.w., p. 17.
27. V.C. 39, Monsterrolle, Stellenbosch, 1698.
28. V.C. 39, Monsterrolle, Stellenbosch, 1700.
29. V.C. 642, Franse doopregister, 10-5-1700.
30. T.H. Colenbrander: De Afkomst der Boeren, p. 28.
31. H. Hoge: Personalia of the Germans at the Cape, 1652-1806, a.j.b. 1946, p.30.
32. J.A. Heese en R.T.J. Lombard. Suid-Afrikaanse geslagsregister, I. p. 258.
33. P. Coertzen: Die Hugenote in Suid-Afrika, p. 124.
34. V.C. 642, Franse doopregister, 10-5-1700.
35. J.A. Heese - J.H. Esterhuyse, 22-8-1969.
36. V.C. 642, Ibid.
37. J.A. Heese - J.H. Esterhuyse, 22-8-1969.
38. A. 2250, Opgaafrolle, Stellenbosch, 1709.
39. V.C. 632, doopregister, Stellenbosch, 1703.
40. Ibid, 23-11-1704.
41. Heese en Lombard: Suid-Afrikaanse Geslagsregister, I, p. 258.
42. V.C. 632, Ibid, 9-3-1710.
43. C.C. de Villiers en C. Pama: Geslagsregister van die Ou Kaapse Families, p. 209.
44. M.O.O.C. 13/1/2 no. 40, 5-4-1726.
45. Ibid.


46. Aktekantoor, Kaapstad, I.S.V. 176, Hartenberg, 26-9-1704.
47. I.S.V. 27, Weltevreden, 29-2-1691, J.A. Heese en R.T.J. Lombard: Suid-Afrikaanse Geslagsregister, I, p. 258.
48. Die Stellenbosse Wynroete (Brosjure), p. 13.
49. Mc. Call Theal: History of South Africa, before 1795, III 3, p. 389.
50. H. Fransen en dr. M. Cook: The old Hoses of the Cape, p. 73.
51. Aktekantoor, T. 1006, Weltevreden, 24-9-1714.
52. Ibid.
53. Resolusies van die Politieke Raad, V, p. 61.
54. T. 1375 Hartenberg, 14-3-1721.
55. Ibid.
56. J. Hoge: Personalia of the Germans at the Cape, p. 201.
57. M.O.O.C. 1/3, Notule van Weeskamer, 21-8-1724.
58. Aktekantoor, T. 1183, Huis, 29-11-1717.
59. M1/248, Kaapstad, 1751.
60. Mev. J. Cairns - J.H. Esterhuyse, 6-12-1976.
61. Ibid.
62. M.O.O.C. 13/1/2, Boedelinventaris van C. Esterhuys, 5-4-1726.
63. A. 2250, Opgaafrolle, Stellenbosch, 1700.
64. Ibid 1712.
65. J. 184, Opgaafrolle, Stellenbosch, 1717.
66. Ibid, 1719.
67. Ibid, 1717.
68. J. 186, Ibid, 1722.
69. J. 185, Ibid, 1720.
70. J. 184, Ibid, 1714.
71. Ibid, 1714 en 1718.
72. Ibid, 1718.
73. Saamgestel uit A2250, opgawes, Sellenbosch, 1700-1712; J. 183-186, Opgaafrolle, Stellenbosch, 1714-1722.
74. C.J. 2876, Kontrakte, 19-10-1713, pp. 60-60(a).
75. Ibid.
76. C.J. 2878, Kontrakte, 16-10-1717, pp. 260-261.
77. Ibid.
78. Ibid.
79. J. 186, Opgaafrolle, Stellenbosch, 1722.
80. Ibid.
81. M.O.O.C. 13/1/2, Boedelinventaris, no. 40.
82. J. 184, Opgaafrolle, Stellenbosch, 1717.
83. J. 186, Ibid, 1722.
84. C.J. 2878, Kontrakte, 15-10-1722, p. 261 en 16-10-1723, p. 262.
85. M.O.O.C. 1/3, Notule van die Weeskamer, 31-8-1724.
86. Ibid, 2-10-1724.
87. M.O.O.C. 13/1/2, no. 40 Boedelstukke, 5-4-1726.
88. Ibid.
89. A. 2250, Opgaafrolle, Stellenbosch, 1725.
90. C.J. 2878, Kontrakte, 16-10-1725.
91. M.O.O.C. 13/1/2, no. 40, Boedelinventaris, 5-4-1726.
92. Heese en Lombard: S.A. Geslagsregister, I. p. 256.
93. M.O.O.C. 1/3, Notule van die Weeskamer, 21-8-1724.
94. Ibid.
95. Ibid, 2-10-1724.
96. M.O.O.C. 13/1/2, no. 40, Boedelstukke, 5-4-1726.
97. M.O.O.C. 1/3, Notule van Weeskamer, 22-11-1724.
98. A. 2250, Opgaafrolle, Stellenbosch, 1725.

99. Ibid.
100. C.J. 2878, Kontrakte, 16-10-1725, p. 262.
101. M.O.O.C. 13/1/2, Boedelstukke, 5-4-1726.
102. Ibid.
103. Ibid.
104. Ibid.
105. Ibid.
106. Ibid.
107. Ibid.
108. Ibid.
109. Heese en Lombard: S.A. Geslagsregisters, I, p. 233.
110. Die Dagverhaal van Adam Tas, V.R.V. 2de reeks, p. 184.
111. Stellenbosch Argief, 13/21, Monsterrolle, 1700-1716.
112. Ibid; Stellenbosch, Drie Eeue, uitgegee deur Stellenbosse Munisipaliteit, pp. 426-428.
113. Dr. G.C. de Wet: Die Vryliede en Vryswartes in die Kaapse Nedersetting, pp. 166-170.
114. Ibid, pp. 217-223.
115. V.C. 632, doopregister, Stellenbosch, 1703.
116. J. 184, Opgaafrolle, Stellenbosch, 1717.
117. A. 2250, Opgaafrolle, Stellenbosch, 1723.
118. Heese en Lombard: a.w., p. 236.
119. Hoge: Personalia of the Germans at the Cape, A.J.B., 1946, p. 54.
120. Kaapse Archiefstukken, 1781, p.34.
121. Ibid.
122. Ibid.
123. C.C. de Villiers en C. Pama: Geslagsregister van die Ou Kaapse Families, I, pp. 207-208.
124. A. 2250, Opgaafrolle, Stellenbosch, 1725.
125. Ibid, 1731.
126. Heese en Lombard: a.w., p. 236.
127. Ibid.
128. M.O.O.C. 1/5, Notule van Weeskamer, 12-6-1727.
129. C.C. de Villiers en Pama: a.w., p. 208.
130. Ibid, p. 209.
131. ibid.
132. Ibid, p. 208.
133. C.J. 7/1/19, Testamente, C. Esterhuyse, no. 50.
134. G.C. de Wet: a.w. p. 156.
135. Saamgestel uit: V.C. 39. Monsterrolle vir Stellenbosch; St. Argief 1321, Monsterrolle van Stellenbosse Kavalierie.
136. Dr. E.A. van Beresteyn: Genealogisch Repertorium, Centraal Bureau voor Genealogie - J.H. Esterhuyse, 16-9-1976.
137. Nederland's patriciaat (nommer onbekend).
138. Van Dale: Groot Woordenboek der Nederlandse Taal, 8ste uitgawe, p. XX.
139. Ibid, p. XXI.
140. Ibid, p. XX.
141. C.J. 287, Contracten, 5-3-1694, pp. 4-5.
142. Resolusies van die Politieke Raad, III, Inleiding.
143. A. Wilmot en J.C. Chase: History of the Cape of Good Hope, pp. 109-110.
144. V.C. 642, Franse doopregister, 10-5-1700.
145. C.C. de Villiers: Oude Kaapsche Familien, p. 221.
146. J.D.A. Krige: Die Franse familie-name in Suid-Afrika, (ongepagineer).

147. Dr. D.F. du Toit Malherbe: stamregister van die Suid-Afrikaanse volk, p. 291.
148. J.H. Redelinghuis: Die Afrikaanse Familie-Naamboek, p. 14.
149. Dr. C. Pama: Die Groot Afrikaanse Familie-Naamboek, p. 14.
150. N.H. Theunissen: Twee ou Families, Die Brandwag, 22-2-1946 p. 23.
151. Dr. J.A. Heese - J.H. Esterhuyse, 22-8-1969.
152. Theunissen: a.w.
153. J.H. Esterhuyse - Director-General National Archives 1-11-1976.
154. Le Directeur General des Archives de France - J.H. Esterhuyse, 29-11-1976.
155. Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, III, p. 170.
156. H.T. Colenbrander: De Afkomst der Boeren, p. 28.
157. N.H. Theunissen: a.w.
158. H. Baklow: Deutsches Namen-lexikon Familien-und Vornamen nach Ursprung und Sinn erklärt; prof. J.K. Breckenmacher: Etymologisches Wörterbuch der Deutschen Familiennamen.
159. Dr. J. Hoge: Personalia of the Germans at the Cape, 1652-1806, Argiefjaarboek, 1946.
160. Centraal Bureau voor Genealogie - J.H. Esterhuyse, 16-9-1976.
161. Ibid.
162. J. Verdam: Uit de Geschiedenis der Nederlandsche Taal, p. 21.
163. Ibid; Ensiklopedie van die wêreld, IV p. 230.
164. Ibid; The new Encyclopeadia Britannica, 15de uitgawe.
165. Ensiklopedie van die Wêreld, IV, p. 230.
166. P. Gertenbach en H. van Sloten; Enige Belangrÿke verschynselen uit het Leven der Nederlandsche Taal, p. 21.
167. Directeur, Instituut voor Dialectologie, Volks- en Naamkunde - J.H. Esterhuyse, 11-3-1977.
168. J.H. Esterhuyse - Directeur, voor Dialectologie, Volks- en Naamkund, 1-3-1977.
169. Directeur, Instituut voor Dialectologie, ens. - J.H. Esterhuyse, 11-3-1977.
170. Ibid.
171. Erica, ('n Nederlandse tydskrif) Okt. 1946; J. Kruyper: Gemeente-Atlas van Nederland, 1971; Th. Fockens: Wegwyzer door Groningen, p. 87.
172. Dr. L.H. Bruins - dr. J. Ploeger, 12-5-1977.
173. Esso - Padkaart van Nederland.
174. Dr. L.H. Bruins - dr. J. Ploeger, 12-5-1977.
175. Directeur, Ryksarchief, Leeuwarden - J.H. Esterhuyse, 8-3-1983.
176. Y. Brouwers - J.H. Esterhuyse, 30-5-1983.
177. J.H. Esterhuyse - Gemeentearchivaris, Leeuwarden, 8-3-1983.
178. Gemeentearchivaris, Leeuwarden - J.H. Esterhuyse, 21-3-1983.
179. J.H. Esterhuyse - Genealogische Dienst, Groningen, 8-3-1983.
180. Hoof, Genealogische Dienst, Groningen - J.H. Esterhuyse, 30-3-1983.


BYLAAG A

HARTENBERG - 1 SV. 176 - 26.9.1704 to Christoffel Esterhuis
'land Hartenberg in distrik Stellenbosch by Bottelary'
60 morgen. - strekkende:-
Z ten O. 3/4 uren gaans naar Dwars in den weg.
N naar Matthys Greeff gekocht plaats aan de Bottelary.
N.N.W naar Jan Oorlam.




T. 1375/14.3.1721. Christoffel Esterhuis to Paul Keyser.

WELTEVREDEN. 1 SV. 27 - 29.2.1692 Land Weltevreden by Stellenbosch NNW teen Klapmuts 38 m. 130 SR. to Hans Rutger Troost




Strekkende:- NNW tegens de gemeene wagenweg of. Clapmuts
W.Z.W tegens over het land van Albert Bierman
ZZO tegens over het gewesene land van Jan Schip Jan
OND tegens over het woeste gebergte.

This passed from Troost to Andries Bayer (sic), to Christiaan Elers, to Matthys Greeff & by
T1006/24.9.1714 Boedel Matthys Greeff to Christoffel Esterhuis
T.1751/16.7.1726 Boedel C. Esterhuis to Jacob van Bochem

(the above diagrams are different scales)

Heden den 5. Marty in den Jare 1694 verschij-
nen voor mij J.G.W. de Grevenbroek geheimschrij-
ver deses Gouvernements en den getuijgen
naarbenoemd Christopher Esterhuijs vrijbor:
Stellenbosch ter eener, mitsg: Hans
Hendrik van Sutphen sold: ten desen Comp:
toire ter andere sijde, verklarende hij eerste
Comparant met kennisse en bewilliging van
den Ed: H.r Gouverneur in loco, in sijn dienst
en tering overgenomen te hebben Hans
Hendrik voorn: om hem een rond jaar
heden anvangende trouw en eerlijk te
dienen als bouwknegt, en sulx ~~van~~ voor een
loon van elv guld: en een pond tabaq ter
maand, waar van hij huurder voor
reken: van sijn opgem: knegt belooft hier
in Comp: Cassa te sullen ieder maand
stellen vier en een halve gulden swaar
of Hollands geld, en de resterende
sesten een halve gulden elke maand
in ligt of Caabs geld an denselven te sullen
betalen, en hem daarenboven van huijs
vesting, kost en drank te besorgen.

Heden den 5 Julij in den Jare 1694 verschijnen voor mij J.G.W. de Grevenbroek secretaris deses Gouvernements en den getuijgen naarbenoemd Christopher Esterhuijs mitsg: Hans Hendrik van Sutphen beide in den neffens-staande contracte vermeld verklarende meester en knegt van malkanderen voldaan te zijn en den enen op den anderen niets te pretenderen te hebben en dierhalven versoeken dat desen mag geroijeerd werden, sullende Hans Hendrik voorn: wederom in Comp: dienst treden. dies ten oorkunde hebben sij desen eigenhandig onderteikend ter secretarie in 't Casteel de Goede Hoop ten dage en Jare als boven

dit is + 't merk van Christopher Esterhuijs voorn:

dit + is 't merk van Hans Hendrik opgem:

Ons present als getuijgen
J.s Swellengrebel
Tirado Padelz

C.J. 287 Contracten 1394 94

49

En verklaarde hij tweede Comparant in manniere voors: met sijn opgem: meester overeen gekomen te zijn om hem den bespoken tijd trouw en gehoorsaam te dienen, t'en ware wettige reden van verhinder=
=nis sulx kwamen te beletten, dies ten oorkunde hebben sy desen onder verband en bedwang als na regten eigenhandig onderteikend ter Secretarie in 't Casteel de Goede Hoop ten dage en Jare als boven

Ons praesent als getuijgen

J. G. Swellengrebel

M. Van bergen

dit + is 't merk van den Comparant Christopher Esterhuijs

't merk + van Hans Hendrik voorn:

In kennisse van mij

J. G. de Grevenbroek Secrs

Bylaag C

Huijden den 16. octob.r 1725 —
Compareerde, voor, mij Josephus de Grandpreez Eerste
gesworoe Clercq ter politique secretarij alhier aan
Cabo de Goede Hoop ter presentie van de naargen.t
getuijgen, Christoffel Esterhuijsen, als last hebbende
van sijn moeder, en den tweeden Comp.t in dese —
nevenstaande Contract vermelt, dewelke versogten
vermits, de wedersijtse voldoeninge van dien —
dat het selve mogte werden g'roijeert, soo geschiet
selx bij desen, actum ter secretarije voorn.t
datum ut supra. —

Christoffel
esterhuijs

Als getuijgen. —
D. G. Carnspek —
D. P. J. Slotsboo

Dit is 't merk van den
tweeden Comp.t —
In kennisse van mij
J. Degrandpreez
E. g. Clercq

# Patriargale linie

van ______________________

Christoffel Esterhuys ⟷ Elizabeth Beyers

Willem Esterhuys ⟷ Johanna Karels van der Bürg

Johannes Esterhuyse ⟷ Anna Maria Joosten

Johannes Jacóbus Esterhuyse ⟷ Magdalena Frangina Erasmus

Johannes Erasmus Albertus Esterhuyse ⟷ Anna Alletta Olivier

Andries Jacóbus Esterhuyse ⟷ Johanna de Waal